


saam-praat-papier 14 Junie 2015

# GOD EN ONS KRISISTYE

Jes 6:1-13

In die jaar van koning Ussia se dood het ek die Here gesien. Hy het op 'n baie hoë troon gesit, en die onderste van sy kleed het die tempel gevul. (2) By Hom was daar serafs om Hom te dien. Elkeen het ses vlerke gehad: met twee het hy sy gesig bedek, met twee sy voete en met twee het hy gevlieg. (3) Die serafs het mekaar telkens toegeroep: “Heilig, heilig, heilig is die Here die Almagtige! Die hele aarde is vol van sy magtige teenwoordigheid.” (4) Hulle het so hard geroep dat die deure in hulle kosyne gerammel het en die tempel vol rook geword het. (5) Toe het ek uitgeroep: “Dit is klaar met my! Ek is verlore! Elke woord oor my lippe is onrein, en ek woon onder 'n volk van wie elke woord onrein is. En nou het ek die Koning gesien, die Here die Almagtige.” (6) Een van die serafs het toe 'n gloeiende kool met 'n tang van die altaar af gevat en na my toe gevlieg. (7) Hy het my mond aangeraak met die kool en gesê: “Noudat die gloeiende kool jou lippe aangeraak het, is jou oortredinge vergewe, jou sonde versoen.” (8) Toe het ek die Here hoor vra: “Wie kan Ek stuur? Wie sal ons boodskapper wees?” Ek het geantwoord: “Hier is ek! Stuur my!” (9) Toe het die Here gesê: “Gaan sê vir hierdie volk: Julle sal hoor en hoor en tog sal julle niks verstaan nie, en kyk en kyk en tog niks sien nie.” (10) Verder het Hy vir my gesê: “Maak hierdie volk traag van begrip, maak hulle ore doof en hulle oë blind sodat hulle nie met hulle oë sien, met hulle ore hoor, en met hulle verstand begryp en hulle hulle bekeer en genees word nie.” (11) Toe vra ek: “Tot wanneer, Here?” En Hy het geantwoord: “Totdat die stede verwoes en sonder inwoners is, totdat die huise verlate is en die land in 'n puinhoop omskep is, (12) totdat Ek, die Here, die mense ver weggevoer het, en die land heeltemal verlate is. (13) Selfs al is daar net 'n tiende oor, sal die land nog verder verwoes word. Maar soos van 'n akkerboom of 'n terpentynboom 'n stomp bly staan wanneer dit afgekap word, so sal daar vir die land 'n stomp oorbly: die gewyde geslag.”

GOD SE ANTWOORD VIR ONS KRISISTYE

Jesaja ontdek en herinner ons wie God is in ons krisistye !

Dit is die fondament van ons lewe in onsekere tye

1 GOD IS OP DIE TROON

2 GOD IS ASEMROWEND (HEERLIK)

3 GOD IS ALMAGTIG

4 GOD IS HEILIG

5 GOD IS NABY

6 GOD IS GENADIG

7 GOD ROEP MENSE




SAAM-PRAAT: 1 Wat is die oorheersende “prentjie” wat jy van God het ?

2 Watter eienskap(pe) van God hier bo is vir jou die grootste bron van hoop ?

3 Hoe wil die Here jou gebruik om in hierdie onsekere tyd ‘n verskil te maak ?